# ONS NUUSBRIEF

## GEREFORMEERDE KERK BLOEMFONTEIN-NOORD

**11 JANUARIE 2026 Nr 02**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Predikant:** | *Ds Kobus Botha* | **Skriba/** | *Pieter du Plessis* |
| | 051 436 2930/082 410 7447 | **Koster:** | 082 570 1804 |
| **Orrelis:** | *Louri Coetzee* | **Kerkkantoor:** | Telefoonnommer: 051 436 2932 |
| | 083 776 6989 | **Kantoorure:** | Per afspraak |
| **Diakonie:** | Voorsitter: *Muller Heyns* | **Posadres:** | Posbus 28182, DANHOF 9310 |
| | 072 469 7778 | **E-posadres** | kantoor@gkbfnnoord.co.za |
| **Susters:** | Voorsitter: *Ester Botha* | **Webwerf:** | www.gkbfnnoord.co.za |
| | 072 784 9451 | **Facebook:** | https://web.facebook.com/gkbfnnoord |
| **Katkisasie:** | *Karien van Rooyen* | **Kassier:** | *Mariza Mosca* |
| | 079 888 8910 | | 082 405 8565 |
| **Lesotho Uitreik/** | *Kerkkantoor* | **Bank Kerk:** | ABSA (632005) Tjekrekeningno 1570 340 065 |
| **Evangelisasie:** | 082 570 1804 | **Bank Diakonie:** | ABSA (632005) Tjekrekeningno 0470 280 026 |
| | | **Zapper-kode vir kerklike bydraes:** | |

**VERJAARSDAE**

Die volgende lidmate verjaar gedurende hierdie week. Baie hartlik geluk! Ontvang ons allerbeste seënwense vir die nuwe lewensjaar!

13 Jan: Oudl Gert Jordaan
13 Jan: Br Jannie Coetzee
13 Jan: Sr Lettie Korb
13 Jan: Br Michiel Lessing
15 Jan: Sr Christine Fourie
16 Jan: Sr Alettha van der Bijl
16 Jan: Sarah Mekarnia
16 Jan: Willie Snyman Jnr
17 Jan: Sr Erika Fourie
17 Jan: Diak Francois Potgieter

## SKOLE HEROPEN VIR 2026

Die skole begin weer eerskomende Woensdag, 14 Januarie, na die lekker lang vakansie! Ons gemeente se aktiwiteite skop volgende week af met die katkisasieklasse vir die ***Voorskoolse- en Laerskoolkinders*** sowel as ***Graad 8 leerders*** wat DV volgende Sondag na die erediens open. *Die ouers van hierdie kinders word vriendelik versoek om asseblief die opening by te woon om sodoende op hoogte van sake te kom.* Elke kind ontvang 'n werkboek gratis. Die kollekte wat elke Sondag tydens die katkisasie opgeneem word, word gebruik om hierdie uitgawe deels te delg.

Let asseblief daarop dat die katkisasieklasse vir ***Hoërskool-leerders*** eers DV op Woensdag, 28 Januarie, begin terwyl die ***Bybelstudie*** Donderdag, 22 Januarie, afskop. Meer inligting sal volgende week verskaf word.

## KOLLEKTES

Die kollekte onder die erediens word soos gewoonlik opgeneem vir die Diakonie se ***Kas van Barmhartigheid*** terwyl die kollekte by die deure bestem is vir die ***Trans-Oranje Instituut vir Buitengewone Onderwys.*** Vyf skole vorm deel van hierdie instituut, nl. Sonitus, Trans-Oranje, Prinshof, Transvalia en ***Martie du Plessis*** van Bloemfontein.

## TEEBEDIENING

Die gebruiklike en gesellige teebediening na afloop van die erediens hervat weer DV volgende Sondag. Elke wyk kry 'n beurt om hiervoor verantwoordelik te wees soos dit op die Jaarprogram aangedui is. Die wyksouderling en sy vrou neem die inisiatief deur melk te bring, die tee, koffie en sap te maak en agterna op te ruim met die hulp van lidmate in die betrokke wyk. Ons bedank byvoorbaat almal wat bereid is om te help! Volgende Sondag is dit die verantwoordelikheid van wyk ***Leo van den Heeverstr.***

## LIEF EN LEED

Die belangrikste oogmerk van ***Ons Nuusbrief*** is om inligting van belang met ons lidmate te deel. Dit sluit in nuuswaardighede vanaf die kerkraad sowel as nuus aangaande lidmate se vreugdes en beproewings. So deel ons almal daarin en kan ons aan diegene wat swaarkry in ons gebede dink maar ook bly wees saam met die wat vreugde ervaar. Ons kan egter nie reg daaraan laat geskied as ons nie die inligting ontvang nie. Ons dink hier aan sterfgevalle, siektes, geboortes, huwelike asook besondere sport en ander prestasies. Neem dus asseblief die vrymoedigheid om die skriba te skakel of per WhatsApp te kontak by 082 570 1804.

## KERKLIKE ADMINISTRASIE

*Beroepe aanvaar*:

- Dr FP (Ferdi) Kruger van die TSP na GK Vereeniging.
- Ds SJB (Hannes) Lee van GK Messina na GK Daspoort.
- Proponent B (Brendan) Vorster na GK Klerksdorp.

# GEMEENTEBOU

Gemeentebou bestaan nie net uit woordverkondiging nie. Daar is baie aspekte van gemeentebou. Boustene is onder andere [1]gemeenskap van gelowiges en [2]diens aan mekaar. Daar is bestaande aksies en nuwe aksies in ons gemeente wat ons graag onder u aandag wil bring.

**Gemeentebou aksies:**

1. *Ekstra Wiskunde klasse : Geert Mosca – 082 826 3378*
   a. Enige kind in ons gemeente is welkom om gratis wiskunde klas te neem op Vrydae – kontak gerus vir Geert om 'n afspraak te maak.
2. *Gemeenskap projek - Beudene (gestremdes):*
   *Nerina Venter – 082 884 4465*
   a. Woordverkondiging en gewyde sang op Donderdae.
3. *Gemeenskapsprojek - Sewe Damme (bejaardes):*
   *Nerina Venter – 082 884 4465*
   a. Besoek bejaardes, speel speletjies en spandeer tyd saam met die mense.
4. *Koor : Louri Coetzee – 083 776 6989*
   a. Die doel van die koor is om God te loof en prys met sang.

6. *Klank & Beeld : Francois Venter – 082 229 4411*
   a. Vir baie jare doen Francois getrou die klank en beeld in die kerk.
   b. Daar is geleentheid om 'n bydrae te maak en hom te help met die taak. Enige persoon wat graag sal wil help kan vir Francois kontak.

Laat weet asseblief vir oudl Erik van Driel by 083 287 1047 indien iemand reeds met aktiwiteite besig is of met iets nuuts wil begin of graag wil inskakel en 'n bydrae wil lewer. Saam bou ons aan die koninkryk van God.

***Pitkos:***

*Hebreërs 13 vers 8: Jesus Christus is gister en vandag dieselfde tot in ewigheid.*
In die veranderende wêreld is God van die begin tot in ewigheid dieselfde. Hy is die enigste onveranderlike. Soos God vir ons voorsien het in die verlede, so sal Hy voorsien in die toekoms, want Hy is getrou. Dus, moenie bekommerd wees oor môre nie, maar leef elke dag voluit tot Sy eer.

## NAVRAAG OOR INBETALINGS

Daar word die afgelope aantal maande twee inbetalings in die kerk se bankrekening gemaak wat nie aan 'n spesifieke lidmaat of gesin gekoppel kan word nie. Die volgende verwysings word gebruik: *"Roux"* en *"Bydrae"*. Dan is daar 'n inbetaling met *"Capitec Navalsig"* as verwysing waaroor daar alreeds voorheen navraag gedoen is, maar sonder sukses. Dit sal waardeer word indien die betrokke persone die skriba kan kontak by 082 570 1804 ten einde dit op te klaar. Die bedrae word weliswaar in die kerkkas inbetaal, maar ons wil dit graag teen 'n lidmaat se naam aanteken!

## INSAMELING VAN PLASTIEK PROPPIES

Alhoewel ons aangedui het dat hierdie projek einde November 2025 ten einde loop, is daar besluit om dit voort te sit met die doel om Lettie Fouché Skool se fondse aan te vul. ***Sr Machteld du Plessis*** is nou die koördineerder van hierdie projek. Vir enige navrae kan sr Machteld by 073 251 9286 gekontak word.




Suid-Vrystaat se Sustersaamtrek word gehou op DV 07 Maart 2026 by die Gereformeerde Kerk Suid-Heuwels. Meer besonderhede sal binnekort verskaf word.

## GKSA ALMANAK 2026

Die Almanak van die GKSA 2026 is in die konsistorie beskikbaar teen R130. Lidmate kan hulle self help en die geld in die houtkassie los. Skryf asseblief u naam en die aantal wat geneem word, op die lys. Benewens inligting oor elke Gereformeerde gemeente, bevat dit ook weer die immer gewilde en kosbare dagstukkies.

## JAARPROGRAM/KALENDER 2026

Ons gemeente se Jaarprogram /Kalender vir 2026 is gratis in die voorportaal beskikbaar. Neem asseblief, indien moontlik, een per gesin. Heelwat waardevolle inligting is daarin vervat soos eredienste, deurkollektes, funksies, vergaderings, katkisasieklasse Bybelstudie-byeenkomste, en ds Kobus se huisbesoekprogram. Ons vertrou dat dit vir almal tot nut sal wees!

# DIAKONIE
## HELP MET
# VERVOER

Vir enige kerk-verwante geleenthede en indien jy hulp benodig.



Indien jy enige probleme met vervoer ervaar, kontak asb Muller Heyns op 072 469 7778.

## KLERE DONASIES

Enige donasies word verwelkom en kan Sondae by die kerk se voorportaal afgelaai word.



BLOEMFONTEIN NOORD GEREFORMEERDE KERK DIAKONIE
IN SAMEWERKING MET ANCHOR OF HOPE

Enige navrae:
Elize Heyns 082 868 1620

### LITURGIE TYDENS EREDIENS

Skriflesing : Lukas 3:1-20
Teks : Lukas 3:2,3
Sang : Lb 184:1,2,3,4
: Ps 150:1,2,3
: Ps 119:62,63
: Ps 119:38,39
: Sb 15-7:4,6

### GEDAGTE VIR DIE WEEK

As julle my opdragte uitvoer, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die opdragte van my Vader uitvoer en in sy liefde bly.

Johannes 15:10







Geldelike bydraes kan deur middel van die volgende skakel inbetaal word: https://pay.yoco.com/gkv-hulpsentrum


Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult
AFSKOPKAMP
2026
Kom ervaar 'n kamp vol pret, aanbidding, nuwe vriende en betekenisvolle oomblikke saam met God.
Elandsfontein Kampterrein, Fochville
27 - 30 Januarie 2026
Prys: R650
Kamp is vir almal - Back-a-Buddy
Help iemand om te kan kamp!
Enige vrae, Kontak gerus:
Marete du Plessis
082 874 9145


25 - 30 Januarie 2026
R 1600
@ Rocky Ridge
Eerstejaarskamp
Gereformeerde kerk CACHET
Kom kamp saam met Potchefstroom se studente!
2026
Inskrywings:
Vir meer inligting kontak:
Mirendi Smuts- 076 150 7526

## ONS GEMEENTE SE FACEBOOKBLAD

Ons gebruik Facebook om as geloofsfamilie nader aan mekaar te bly –selfs wanneer ons nie fisies saam kan wees nie. Dit is 'n plek waar ons lief en leed kan deel, mekaar kan bemoedig, saam kan bid en dankbaar kan wees oor seëninge. Deur hierdie platform kan ons belangrike inligting deel, getuienisse versprei en ook uitreik na dié wat dalk nog op soek is na 'n geestelike tuiste. Facebook help ons om verbonde te bly, om mekaar se laste te dra en vreugdes saam te vier.

GEREFORMEERDE KERK
BLOEMFONTEIN-NOORD

**Deel jou nuus met ons vir ons Facebookblad.**
**WhatsApp vir Olivia by 083 415 3000**

https://web.facebook.com/gkbfnnoord




***Ons doen 'n vriendelike beroep op al ons lidmate om hierdie geleentheid voluit te ondersteun. Gee asseblief die name van julle spanlede vir Francois of Louis, of bring jou span se besonderhede aan op die blou vorm in die voorportaal.***